# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 23 7 Junie 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:*** **Thusofonds**
Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

## DIENSBEURTE

**Sondag 7 Junie**
**Oggend: Wyke 5 & 6**
*Oudle:* Neels Kloppers
Jacques Tredoux
*Diakens:* Riaan Reinecke
Otto de Vries
Louw Lemmer
Braam Smith

**Aand: Wyke 7 & 8**
*Oudle:* Andries de Kock
Jantus van der Linden
Deon van der Merwe
Leon Haasbroek
*Diakens:* Hanno Steenkamp
Christiaan Oosthuizen



## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 5 & 8 olv Chrisna Robberts en Karmien Buys nooi u hartlik uit om na die erediens te kom skink, drink en kuier.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**
**Kan ons ook Sondae afkondig van die H/S katkisasie op Sondae**
**Bybelstudie:** Na die aanderediens vir die naskooljeug (18 – 30)

**Maandag:**
**Katkisasie**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11: 18:00-18:45
Graad 9 &10: 19:15-20:00

**Dinsdag:**
**09:30** Jeug van Gister

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting". Psalm 71:3*

*Sondag*
Marie de Beer (90) 072 459 8177

*Maandag 8 Junie*
Ané Scheepers 082 326 0114

*Dinsdag 9 Junie*
Wihan Oosthuizen 082 326 0114

*Woensdag 10 Junie*
Coen Labuschagne 082 490 4111
Pieter van Eyssen 083 462 0584

*Vrydag 12 Junie*
Elise Snyman 084 491 1947

*Saterdag 13 Junie*
Theo le Roux 083 258 0936

Hartlik geluk aan sr. Marié de Beer wat Sondag haar 90ste verjaarsdag vier. Br. Coen Labuschagne vier Woensdag sy 89ste verjaardag. Hartlik geluk.

*Mag die Here julle ryklik seën en mag God se genade en liefde elke dag vir julle genoeg wees. Ons wens julle 'n mooi en geseënde dag toe saam met julle geliefdes.*



*38-39"Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vryspreek nie.*
*Handelinge 13: 38 & 39*

## MEELEWING

*Kittie Broos* 083 703 5727 sterk nou tuis aan nadat sy 'n tyd lank by haar kinders was met 'n ernstige skouerbesering. Ons bid dat die skouer gou heeltemaal sal herstel en dat die Here se genade en liefde elke dag vir jou genoeg sal wees.

Baie sterkte aan almal in die gemeente wat deurloop onder die winterpeste en plae. Drink maar bietjie ekstra vitamine. Spoedige beterskap.

## PROGRAM VIR JUNIE

**9 Junie:** Jeug van Gister
**13 Junie** Jong Lote

## BEROEPENUUS

***Beroep ontvang***

•Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Wolmaransstad

***Beroep nie aanvaar nie***

• Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad

## ATTESTATE

Ons het die attestaat ontvang van *Dries Janse van Vuuren* 083 305 2474 van Hartbeespoortgemeente asook *Daniël Erasmus* 083 319 8984 se attestaat van Cachet en sy vriendin *Savannaha Combrinck* 083 319 8984 se attes van Belville-Oos gemeente.

*Hartlik welkom in ons gemeente. Ons vertrou dat julle gou deel sal voel van Waterkloofrand.*

*Susan Tredoux* jnr **vertrek** met attes na die Brooklyngemeente en *Corlia Bekker* vertrek met attes na Lytteltongemeente.

*Ons wens julle beide alles van die beste toe in julle "nuwe" gemeentes en vertrou dat julle daar gelukkig sal wees.*

## SNOEPGOED VIR DIE KINDERHUIS

Die skoolvakansie kom nou vinnig nader. Ons vra asseblief bydraes van koekies, lekkertjie en warm sjokolade-melk "Hot Chocolate" en melk om die kinders tydens die vakansie mee te bederf. Daar sal 'n krat by die ingang van die kerk staan vir die bydraes.



## JEUG VAN GISTER



shutterstock.com · 244053457

Jeug van Gister vergader weer ***Dinsdag 9 Junie om 9:30*** in die saal.

Ons almal is bewus van die Russiese aanval op Oekraïne en die oorlog wat daarop gevolg het. maar dit raak ons eintlik min want dit gebeur duisende kilometers ver van hier.

Kom luister na Tanya se vertelling oor die effek van die oorlog op die lewe van 'n boorling van Oekraïne.

Almal is hartlik welkom.

## GEMEENTE-ETE



Baie dankie aan die susters van wyke 9, 13, 15, 16, 17 en 28 wat ons verlede Sondag getrakteer op 'n heerlike wintersmaaltyd van Bobotie, rys en heerlike soet wortels en ertjie en dan die immergewilde Malva -poeding met vla. Die saal het behoorlik gegons soos daar met ons mede-broeders en suster gekuier is. Dit is elke keer weer 'n hoogtepunt. Ons waardeer al die moeite en liefde wat daarmee gepaard gaan en sien reeds uit na die volgende ete.

## ANTWOORD VOOR MAANDAG 6 JUNIE







## GEREFORMEERDE KERK DASPOORTKONFERENSIE

Die Gerf Kerk Daspoort bied 'n Konferensie, met die tema: **Hoe werk God in ons?** Aan op DV op 05 – 07 Junie 2026 in hulle kerkgebou, 728 Jenningstraat, Daspoort.

Tydens die Konferensie gaan die volgende onderwerpe behandel word:

- God roep ons tot Hom deur die Woord van Christus. -ds Hannes Lee
- Die Here werk die Wedergeboorte in ons. – dr Malan Van Rhyn
- Wat beteken dit om te glo? (Geloof) – ds Jan-Louis Lee
- God maak ons reg (Regverdigmaking).- ds Pieter Le Roux
- Ons God maak ons Heilig en lei ons in volharding (Heiligmaking en Volharding).- ds Slabbert Le Cornu
- Sondag preek (Ons verlang na die dag van heerlikmaking).- Ds Hardus Lee

U word hartlik uitgenooi om hierdie konferensie by te woon.

Meer besonderhede op die kennisgewingsbord of skakel Nienke 083 398 9080




Kerklike onafhanklikheid en godsdiensvryheid onder die loep by Helpende Kerke Kongres.

Die jaarlikse Helpende Kerke Kongres bring kerkleiers, gemeentelede en gemeenskapswerkers van regoor die land byeen om te besin oor die rol van die kerk in 'n samelewing wat gekenmerk word deur armoede, werkloosheid en toenemende maatskaplike uitdagings.

Vanjaar se kongres fokus op drie kernonderwerpe:

- Die kerk en werksyn;
- Die bekendstelling van die boek Twaalf Bybelse oplossings vir armoede deur Flip Buys; en
- Artikel 22 van die Grondwet en die belangrikheid van godsdiensvryheid en onafhanklike geloofsgemeenskappe.

Registrasies sluit 10 Junie. Registreer hier en word deel van die gesprek: https://helpendehand.co.za/helpende-kerke/ #HelpendeHand #HelpendeKerke

## "EN SO SAL ONS ALTYD BY DIE HERE WEES."

Die ewige lewe word in die Skrif aan ons voorgehou as 'n lewe waarin God en sy volk vir ewig by mekaar sal wees. Van God word in dié verband gesê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God" (Op. 21:3). En in 1 Tessalonisense 4:17 sê Paulus hieroor: "En so sal ons altyd by die Here wees."

God sal by ons wees en en ons by God. Dit is die grootste en die heerlikste van die ewige lewe. Die rede vir die verloste mensheid se ewige vreugde is immers nie in die pêrelpoorte en strate van goud van die nuwe Jerusalem geleë nie (Op. 21:21), maar

daarin dat God in die midde van sy mense sal wees. Hy sal met sy geseënde teenwoordigheid onder hulle woon. Tussen Hom en die verloste mensheid sal 'n ewige, innige gemeenskap wees en niks sal hulle ooit weer van mekaar kan skei nie (Rom. 8:38, 39).

ALMANAK 9 junie 2017

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTIN

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**

Snap here to pay
SnapScan